11 Desember 2009

OMSENDBRIEFNR. 2009

Geagte Ouers

Dit is weereens vir my ‘n besondere voorreg om die volgende inligting rakende die skool aan u deur te gee:

1. **Personeel**

My dank aan die personeel wat die afgelope jaar besonder hard gewerk het om die beste te gee vir die leerlinge van die skool. Dankie vir al u insette die afgelope jaar. Wees verseker u is ‘n span duisend en u as ouers kan trots wees op die besondere personeel van Laerskool Oranje-Noord.

‘n Spesiale woord van dank aan twee spesiale kollegas naamlik mevv. J. Joubert en J. Heydenrych wat aan die einde van die jaar na onderskeidelik 36 jaar [30 jaar by Laerskool Oranje-Noord] en 36 jaar [25 by Laerskool Oranje-Noord] die tuig neerlê. Soos ‘n bekwame beeldhouer het u oor die jare aan honderde kinders se lewens gekap en gebeitel. U het blywende indrukke gelaat en letterlik is geslagte deur u hande. Ons kan u nie met woorde bedank vir wat u vir die skool en onderwys beteken het nie. Laerskool Oranje-Noord se ouers, kinders en personeel salueer u vir wat u vir die skool beteken het. Rus lekker en geniet u aftrede.

‘n Woord van dank ook aan mev. Anette Laubscher wat weer plaas toe gaan en mej. C. Kotzé, wat onderwys gaan gee in Taiwan. Sterkte ook in julle nuwe woon- en werkomgewing.

Die skoolbeheerliggaam het ook nuwe aanstellings gemaak nl. Mev. Marike Lourens, Gr. 1 en Mev. Elsie Folsher, Pre-primêr. Ons wil die twee kollegas hartlik verwelkom en weet dat hulle maklik sal inskakel by Laerskool Oranje-Noord.

2. **Skoolbeheerliggaam**

Graag wil die skool die Skoolbeheerliggaam, onder leiding van Mev. Loura Markram, bedank vir hul insette die afgelope jaar. Dankie dat u op so ‘n positiewe manier die belange van die skool op die hart dra en die beeld van die skool bevorder.

3. **OOV**

Ons opregte dank aan mev. Anschen van Blerk en die OOV van 2009. Ons weet dat u geen moeite ontsien het om in belang van die skool en sy leerlinge te werk nie.

4. **Leerlingraad**

Ons dank vir die ywer en pligsgetrouheid waarmee julle jul pligte uitgevoer het. Dankie dat julle besondere ambassadeurs vir Laerskool Oranje-Noord was. Dankie vir Ma en Pa se ondersteuning die afgelope jaar.

5. **Skolierpatrollie**

Baie dankie dat julle so mooi gekyk het na die veilige oorgang van 'n groot groep mede-skoliere oor twee besige paaie. Jul diens aan die skool en maats word opreg waardeer.

6. **Biblioteek en Koshuisprefekte**

Ons dank ook aan die leerders wat as Biblioteek- en Koshuisprefekte gedien het. Julle hulp word opreg waardeer.

7. **Snoepie**

Dankie ook aan die leerders wat so getrou in die Snoepie gehelp het. Julle was weer staatmakers.

8. **Koor**

Die Junior- en Senior koor het by verskeie Kersuitvoerings in gemeentes opgetree. Baie dankie vir julle pragtige sang en dat julle sulke goeie ambassadeurs vir Laerskool Oranje-Noord was.

9. **Musiek**

Die volgende leerders het goed gevaar tydens die afgelope UNISA teorie-eksamen.

Graad 1

Anshin Potgieter	Slaag
Floris Thirion	Slaag
Jané Knoesen	Slaag met eervolle vermelding
Rethe-Mari Lategan	Slaag met eervolle vermelding
Chrisna Oppermann	Slaag met lof
Christine Becker	Slaag met lof
Jana Becker	Slaag met lof

Graad 2

Isabeau Malan	Slaag met eervolle vermelding
Shaquille Cloete	Slaag met eervolle vermelding
Gitte Jonas	Slaag met lof
Carlo Kuhn	Slaag met lof
Claire du Plessis	Slaag met lof
Marilé du Plessis	Slaag met lof
Danielle Nel	Slaag met lof
Coenrath Claassens	Slaag met lof
Carla van Wyk	Slaag met lof
Frances van der Ryst	Slaag met lof en verskyn op UNISA se ererol van uitblinkers

Baie geluk aan die leerders met hul pragtige prestasies.

10. **Leerlingraad – 2010**

Marlene Beukes, Gitte Jonas, Gretchen Schmidt, Anmar Hanekom, Bianca Weston, Michaela Malan, Juané Nagel, Somari van Zyl.
Erik Jordaan, Floris Thirion, Jurie Burger, J.J. Liebenberg, Stevan Botma, David du Toit, Steffan van Tonder.
Onder-hoofdogter: Rozanne Theron, Hoofdogter: Danielle Nel
Onder-hoofseun: Carlo Kuhn, Hoofseun: J.C. Liebenberg

11. **Koshuisprefekte**

Alicia Potgieter, Dioné Cilliers en Diaan van Rensburg is as koshuisprefekte verkies.
Baie geluk.

12. **Akademies**

Die volgende leerlinge het die afgelope kwartaal pragtig presteer en is op die Top 10 van Laerskool Oranje-Noord. Baie geluk aan die leerlinge.

Graad 4

1.	Zaskia Bisschoff	96,5%
2.	Connie Conradie	
	Alicé Maritz	95,5%
4.	Francé Zaayman	
	Nandia Kruger	93,9%
6.	Chané Luttig	
	Rinique Botha	92,4%
8.	Tiaan Venter	91,3%
9.	Francois Joubert	91,2%
10.	Natasha le Roux	90,9%

Graad 5

1.	Elani Strydom	87,8%
2.	Christine Becker	87,7%
	Aurelia Pieterse	87,7%
	Jana Becker	87,7%
5.	Duncan McGregor	87,4%
6.	Benmari van Rooyen	86,4%
7.	Chrisna Oppermann	85,4%
8.	Jaco Koegelenberg	84,4%
9.	Anna-Mart Fourie	84,0%
10.	Benine van den Heever	82,7%

Graad 6

1.	Marlene Beukes	95,3%
2.	Kayla Thirion	94,3%
3.	Danielle Nel	88,3%
4.	Chanté Beukes	87,1%
5.	Gretchen Schmidt	86,3%
6.	Lizelle Agenbacht	85,4%
	So-Mari van Zyl	85,4%
8.	Bianca Weston	83,4%
9.	Erik Jordaan	82,0%
10.	Charlize Hanekom	81,2%
	Jodré Louw	81,2%
	Isabeau Malan	81,2%

Graad 7

1.	Altus Bisschoff	91,0%
2.	Carla Kruger	86,2%
3.	Jano Barnard	82,0%
4.	Wilco Strydom	79,3%
5.	Willem Koegelenberg	78,9%
6.	Frances van der Ryst	78,7%
7.	Hanri van der Merwe	77,6%
8.	Ryno Karstens	77,4%
9.	André Roux	77,1%
10.	Barend Geldenhuys	76,9%

13. **Sport**

13.1 Karate

William Nel is vir die Noord-Kaap Karate span, wat in 2010 aan die SA Kampioenskappe gaan deelneem, gekies. Baie geluk, William.

13.2 Tennis

JayD van Zyl, Behandré Swartz, Niell Stannard, Duncan McGregor, Danielle Nel, Deanke van Zyl, Christine Becker, Elmoné Botha het tydens die Interskole Tennistoernooi die skool verteenwoordig. JayD van Zyl is as Laerskool Oranje-Noord se speler van die toernooi aangewys. Al het die groep nie medaljes verower nie, was hulle deurgaans ware ambassadeurs vir die skool.

13.3 Krieket

o/13 A

Die groep het na Kimberley getoer en as volg gevaar:

1. Oranje-Noord wen teen Laerskool Westend met 110 lopies.
2. Oranje-Noord wen teen Laerskool Staats President Swart met 6 paaltjies.
3. Oranje-Noord verloor teen Laerskool Newton met 34 lopies.

JayD van Zyl met 2 vyftigtalle en Niell Stannard met 1 vyftigtal en 44 nie uit nie was die beste kolwers. JayD van Zyl het ook tydens die toer die meeste paaltjies geneem.

Laerskool Oranje-Noord het ook ‘n toerspan van Laerskool Lumiêre van Sasolburg met 160 lopies geklop.

o/13B

1. Oranje-Noord se o/13B-span klop Laerskool Franciscus met 35 lopies.
2. Oranje-Noord klop Laerskool Simbrüner met 30 lopies.

Jano van Zyl met 34 nie uit nie was die beste kolwer en JC Esterhuizen behaal ‘n 3-kuns met sy boulwerk.

Gedurende die toer na Kaapstad het die o/13 A krieketspan teen Laerskool SACS en Laerskool Kirstenhof verloor, maar teen Laerskool Westcott gewen. Al die wedstryde was baie kompeterend en die nederlae almal naelskraap.

Baie dankie aan die onderwysers vir die reël en beplanning van die toer. ‘n Spesiale woord van dank aan al die ouers wat hard gewerk het om geld in te samel. Dankie ook aan die borge wat die toer vir die leerders ‘n onvergeetlike ondervinding gemaak het.

Die o/13 span het ook ‘n Namakwaland-streekspan met 10 paaltjies geklop.

o/11

Die o/11-span het teen Op die Voorpos kragte gemeet. Voorpos teken 24 lopies aan. Johan van der Ryst neem 3 paaltjies vir 3 lopies in 4 boulbeurte.
P.J. Duvenhage neem 4 paaltjies vir 6 lopies in 4 boulbeurte.
Laerskool Oranje-Noord teken 25 lopies aan sonder om ‘n paaltjie te verloor en wen die wedstryd met 10 paaltjies.

Tydens die o/11 kriekettoer na Kaapstad speel die A-span 3 wedstryde. Hulle verloor teen Laerskool SACS, maar klop Laerskool Sweet Valley en Laerskool Kirstenhof. Hulle het baie geleer tydens hierdie toer.

Die o/11's het 'n besondere suksesvolle seisoen agter die rug. Die A- en B-span het 13 wedstryde in totaal gespeel en net 4 verloor. N.J. Stannard het in sy o/11 krieket-loopbaan meer as 40 wedstryde vir die o/11A-span gespeel. Voorwaar 'n unieke prestasie.

N.J. Stannard en Johan van der Ryst het ook die besondere prestasie behaal om in die o/11 Griekwaland-Wes krieketspan opgeneem te word. Die volgende spelers is opgeneem in die o/11 Griekwaland-Wes Plattelandkrieketspan: Rikus Pretorius, Cornel Myburgh, Johann Joubert en P.J. Duvenhage. Baie geluk.

14. **Algemeen**

'n Woord van welkom aan alle nuwe leerlinge en ouers. Dankie dat u deel gaan word van 'n pragtige en baie goeie skool.

Die personeel is Maandag,11 en Dinsdag, 12 Januarie 2010 vanaf 07:00 – 12:00 by die skool indien daar ouers is wat nuwe leerlinge wil inskryf. Die skole heropen Woensdag, 13 Januarie 2010 om 07:00. Nuwe leerlinge moet asseblief by die ontvangslokaal aanmeld. Vandaar sal die leerlinge na hul klasse gewys word. U is baie welkom om die saalbyeenkoms by te woon.

Die klerebank sal Maandag, 11 en Dinsdag, 12 Januarie vanaf 08:00 – 12:00 oop wees. 'n Woord van dank ook aan Mev. N. Korf wat die klerebank behartig.

Ingeslote die datumlys vir die eerste kwartaal van 2010.

Ten slotte wil ek u 'n aangename en geseënde Kerstyd toewens. Mag u Kersfees in sy volle betekenis ervaar en mag 2010 'n besondere jaar van vreugde en blydskap wees.

Vriendelike groete.

P.D. VAN DER MERWE